

REKENINGKUNDE (Bygewerk Oktober 2016)

Hierdie dokument moet saam met die IEB Handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering (bygewerk September 2015) gelees word.

A. WYSE VAN ASSESSERING

Vraestel I: Toepassing van Vaardighede	2 uur	[200]
Vraestel II: Probleemoplossing en Ontleding	2 uur	[100]
Skoolgebaseerde Assessering		[100]

400 punte

B. VEREISTES

1. Eksamen

Vraestel I		Vraestel II	
OOR DIE TWEE VRAESTELLE MOET DAAR 'N KOGNITIEWE GEWIG VAN 60% LAERORDEVLAKKE TOT 40% HOËRORDEVLAKKE WEES			
Punte 200 Tyd 2 uur	Hierdie vraestel assesser hoofsaaklik vaardighede, waar daar nie baie tyd nodig is om inligting deur te lees of aan innoverende oplossings vir probleme te dink nie, d.w.s. die jaareind-aansuiwerings, opstel van rekeninge en state en die berekening van koste ens. Leerders moet verhoudings ken en kan toepas deur terug te werk om getalle ens. te bereken. Verwys na C1.1.	Punte 100 Tyd 2 uur	Hierdie vraestel assesser teorie, ontleding, interpretasie en probleemoplossing. Dit assesser afdelings wat meer tyd verg om deur te lees en inligting te ontleed. Verwys na C1.1.

Albei vraestelle word op dieselfde dag geskryf aangesien dieselfde kennis vir albei vraestelle deur leerders benodig word.

Vraestel I en Vraestel II sal invulvraestelle wees, d.w.s. vraestel en antwoordboek in een. 'n Afsonderlike inligtingsboek vir elke vraestel sal voorsien word. Antwoorde kan in potlood voltooi word. Geen rooi of groen inksal toegelaat word nie. In ooreenstemming met die praktyk in tersiêre instellings en ondernemings sal geen afkortings aanvaar word nie.

2. Skoolgebaseerde Assessering (SGA)

[100]

Elke leerder moet 'n lêer indien wat die volgende bewyse bevat:

Komponent	Gewig per item	TOTAAL
Halfjaar- of rekordeksamen	30%	30%
Drie toetse	10% elk	30%
Twee verskillende tipes take gekies uit die volgende lys: <ul style="list-style-type: none"> • Projek • Gevallestudie • Mondelinge aanbieding • Rekenaaropdrag • Geskrewe verslag 	20% elk	40%
TOTAAL		100%

Die take en toetse moet op so 'n manier opgestel word dat hulle gesamentlik al die onderwerpe deeglik assesseer om te verseker dat voldoende bewys van bevoegdheid gelewer word.

Take

Die punttoekenning vir elke taak mag nie minder as 100 wees nie.

Die take maak dit moontlik om die leerder te assesseer op maniere wat nie in 'n toets of eksamen moontlik is nie, en gee dus 'n ander beeld van 'n leerder se vlak van bevoegdheid. Die standaard wat verlang word, moet geensins minder streng wees as dié wat in die eksterne eksamen verlang word nie. Indien assesseringstake eng en meganies is, sal leerders nie voldoende voorbereid wees vir die eindeksamen nie.

Met die oog hierop moet die take:

- van leerders verwag om met kontekste te werk wat ouderdomstoepaslik, lewensgetrou en relevant is vir die onderwerpe van Rekeningkunde
- 'n groep onderwerpe, óf oor twee of meer onderwerpe óf diepgaande binne een onderwerp, assesseer
- van leerders verwag om kennis, vaardighede, houdings en waardes te gebruik wat met tyd verwerf is
- van leerders verwag om met onbekende/onvoorbereide kontekste te werk
- soos volg punte dra: 60% van die punte wat aan die taak toegeken is, moet verband hou met laerorde-denkvaardighede (kennis, begrip en toepassing) en 40% met hoërorde-denkvaardighede (ontleding, sintese en evaluering)
- assessering van die proses en nie net die produk nie behels. 'n Groot projek wat 'n groot hoeveelheid onderrigtyd opneem, kan in verskillende take verdeel word
- metakognisie by die leerders verwag.

C. INTERPRETASIE VAN VEREISTES

1. Eksamenvereistes

1.1 Beweegrede vir twee eksamenvraestelle:

Die volgende Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste vorm die grondslag van hierdie rede:

- Identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke te gebruik (KU1).
- Versamel, ontleed, organiseer en evalueer inligting krities (KU4).
- Demonstreer 'n begrip van die wêreld as 'n stel verwante stelsels deur te erken dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie (KU7).
- Besin oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om meer effektief te leer (OU1).

Die definisie van Rekeningkunde meld duidelik dat die fokus van die vak is op die (i) meting van prestasie; (ii) verwerking van finansiële inligting; en (iii) oordra van finansiële inligting. **Vraestel I** verskaf 'n instrument vir die eerste twee fokuspunte waar die vraestel teoretiese kennis assesseer wat die begrip daarvan versterk, d.w.s. die *toepassing van kennis en vaardighede*. **Vraestel II** bring die derde fokuspunt na vore waar dit poog om *probleemoplossing* en *ontleding* te assesseer wat 'n hoër kognitiewe antwoord van die leerder vra.

In die geheel maak die gebruik van twee vraestelle dit nie net moontlik om **al** die onderwerpe wat in die VAR'e vir Rekeningkunde aangebied word te assesseer nie (*breedte* van assessering), maar dit voorsien ook genoeg geleentheid om die gebruik van hoër kognitiewe antwoorde te ondersoek (*diepte* van assessering).

Aspekte wat binne die Kritieke en Ontwikkelingsuitkomste aangetref word, is in albei vraestelle aanwesig, d.w.s. leerders moet probleme identifiseer en oplos en besluite neem deur kritiese en kreatiewe denke te gebruik; hulle moet inligting krities evalueer; en hulle moet beseft dat probleemoplossingskontekste nie in isolasie bestaan nie. Leerders moet ook besin oor en ondersoek instel na 'n verskeidenheid strategieë om meer effektief te leer ten einde beide hierdie eksamenvraestelle af te lê.

Verdere aspekte aangaande die gebruik van twee unieke instrumente:

- Die tydtoekenning wat nodig is om die verskillende tipes vaardighede te beoefen is verskillend en dus ook die tyd-/punttoekenning vir hierdie vrae. Dit beteken die deurlees van gevallestudies, die skryf van verslae en die vind van kreatiewe en innoverende oplossings vir probleme verg meer tyd as die opstel van 'n grootboekrekening. Twee vraestelle bied die geleentheid om verskillende gewigte te gebruik vir die tyd-/punttoekenning van elke vraestel. Op hierdie manier word die meer vaardige/kreatiewe en innoverende leerders nie gepenaliseer deurdat hulle nie genoeg tyd het om hul idees oor te dra nie.
 - Beklemtoning van die rekordhoudings- of inligtingvoorbereidingsfunksies in rekeningkunde met 'n bykomende fokus op die gebruik van rekeningkundige inligting vir besluitnemingsdoeleindes in elkeen van die eksamenvraestelle met verskillende punte- en tydtoekennings akkommodeer dus 'uiteenlopende leerders'.

- Klem op die assessering van die ‘leerproses’ in plaas van ‘reëls’ in beide eksamenvraestelle.
- Verleen stukrag, spesifiek in die tweede eksamenvraestel, aan wat die Accounting Education Change Commission in die VSA ‘’n inligtingontwikkelings- en kommunikasieproses’ noem deur in die woorde van die IEB ‘innoverende en kreatiewe oplossings’ te verskaf.
- ’n Breër klem op algemene sake- en ekonomiese kennis spesifiek in die tweede vraestel.

Die tweede deel van SAIGR se kwalifiseringseksamen word nou die Assessering van Professionele Bevoegdheid (APB) genoem en die doel daarvan is om ’n voornemende GR se professionele bevoegdheid te assesser (tegniese bevoegdheid word geassesseer in die eerste deel van SAIGR se kwalifiseringseksamen wat direk aan die einde van ’n student se vier jaar op universiteit afgelê word, voordat enige praktiese ondervinding opgedoen is). Hierdie assessering fokus op die strategiese en bestuursaspekte van die breër rekeningkundige dissipline. Dit word gedoen deur ’n multidissiplinêre gevalllestudie waar die doel van hierdie assessering is om die leerder se vermoë te assesser om kennis en vaardighede wat in die werklike lewe opgedoen is, toe te pas. Lewensgetrouheid omvat die integrasie van alle dissiplines, probleemoplossing, identifisering van toepaslike teenoor irrelevant inligting, sintese van inligting en ’n direkte fokus op omvattende vaardighede. Omvattende vaardighede behels etiese gedrag, professionalisme, persoonlike eienskappe en professionele vaardighede.

Die gebruik van twee eksamenvraestelle in Rekeningkunde deur die IEB voldoen nie net aan die beginsels van billikheid, geldigheid en betroubaarheid nie, maar beweeg ook na die assessering van professionele bevoegdheid, alhoewel dit op ’n senior sekondêre vlak is.

1.2 Die Assesseringsillabus

Die doel van hierdie Assesseringsillabus is om IEB-onderwysers te help om ’n gemeenskaplike begrip van die omvang van die onderwerpe te verkry en skole sodoende te ondersteun in die konsekwente beplanning van hul Assesseringsprogramme; sowel as om die IEB-eksamen en SGA-vereistes vir Graad 12 vir onderwysers, assessore en moderators duidelik te maak.

Die dokument is nie bedoel om ’n onderrigsillabus te wees nie. Individuele onderwysers en skole is nie beperk tot die inhoud van die Assesseringsillabus nie; hulle is vry om hierop uit te brei in hul eie kurrikulumlewing. Die onderrig- en leerprogram moet ryk, stimulerend en uitdagend wees, terwyl assessering moet fokus op die vereistes van die kwalifikasie. **Die Graad 10- en Graad 11-assesseringsillabus word met die oog op inligting en leiding ingesluit, maar slegs die Graad 12-assesseringsillabus is verpligtend.**

Die Assesseringsillabus volg die SGA-vereistes.

2. SGA-vereistes

SGA-komponent	Gewig	Aanbevole ure	Kriteria	Vereistes vir lêers
Halfjaar- of Rekordeksamen	30%	4	Moet geskoei wees op die IEB se Vakassesserings-riglyne vir die eksterne eksamen.	<p>ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van eksamenvraestelle • Een ontwerprooster vir beide Vraestel I en II wat 60/40 kognitiewe gewig oor die twee vraestelle toon en wat onderwerpe deur elke vraag geassesseer toon, en gewig van onderwerpe toon • Nasienriglyne • Bewys van moderering <p>LEERERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde skrifte • Bewys van moderering
Drie Beheerde Toetse	30%	Minimum 50 minute elk	<ul style="list-style-type: none"> • Minstens een van die drie beheerde toetse moet soortgelyk wees aan Vraestel I van die eksterne eksamen. Vraestel I toetse moet 80–100 punte tel. • Minstens een van die drie beheerde toetse moet soortgelyk wees aan Vraestel II van die eksterne eksamen. Vraestel II toetse moet minstens 50 punte tel. • 'n Eksamen wat uit 'n Vraestel I en Vraestel II bestaan, kan nie as twee individuele toetse tel nie. • Toetse moet probleemoplossingstipe vrae insluit. • Moet 'n groep onderwerpe óf binne een groter onderwerp óf oor onderwerpe assesseer. • 60% van die punte moet met laerorde-denkvaardighede verband hou en 40% met hoërorde-denkvaardighede. • Dieselfde beheerde toetse moet vir alle leerders ingedien word, d.w.s. leerders kies nie hul beste toetse nie. 	<p>ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van toetse • Voltooid ontwerprooster vir elke toets wat onderwerpe deur elke vraag geassesseer, gewig van kognitiewe vlakke en gewig van onderwerpe toon • Voorblad van toetse <ul style="list-style-type: none"> – Datum van assessering – Tyd- en puntetoekenning • Nasienriglyne • Bewys van moderering <p>LEERERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde skrifte • Bewys van moderering

ENIGE TWEE VAN DIE VOLGENDE TAKE				
<p>Projek</p> <p>'n Onderneming wat 'n stel take of aktiwiteite behels wat 'n definieerbare beginpunt en goed gedefinieerde doelwitte het. Met ander woorde, 'n stel aktiwiteite gemik op 'n oorkoepelende doel. Gewoonlik het elke aktiwiteit 'n beplande voltooiingsdatum (keerdatum) en toegewese hulpbronne. Assessering vind aan die einde van elke aktiwiteit sowel as aan die einde plaas (proses- sowel as produkassessering).</p>	20%	2 – 4	<p>Kriteria vir Assesseringsontwerp:</p> <p>Toon die taak die volgende?</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geldigheid – taak pas by beoogde onderwerpe • Toereikendheid – assesseer oor onderwerpe heen • Dieselfde moeilikheidsgraad – dek alle kognitiewe vlakke in verhouding 60% Laer Orde: 40% Hoër Orde • Toepaslikheid – toepaslik vir hierdie graad/ hierdie leerders (taal, kontekste, ens.) • Nasienriglyne – geskik vir doel (toepaslike hulpmiddels, streng genoeg) • Toegepaste kontekste – vra van leerders om in onvoorbereide/onbekende kontekste te werk <p>Die punttoekenning vir hierdie taak mag nie minder as 100 wees nie.</p>	<p style="text-align: center;">ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van instruksies aan leerders • Die voorblad <ul style="list-style-type: none"> – Onderwerp van projek – Keerdatum – Punttoekenning – Onderwerpe wat geassesseer word • Ontwerprooster • Assesseringshulpmiddel(s) <p style="text-align: center;">LEERDERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde werk • Voltooide assesseringshulpmiddel(s)

<p>Gevalllestudietaak</p> <p>'n Gevalllestudie is 'n navorsingstrategie, soms vergelyk met 'n eksperiment, 'n geskiedenis, of 'n simulاسie, hoewel nie verbind met enige bepaalde tipe bewys of dataversamelingsmetode nie.</p> <p>Die doel is om die leerders te voorsien van 'n lewensgetroue scenario soortgelyk aan wat hulle later in die lewe sal teëkom. Die onderwyser kan dan spesifieke vrae vra om antwoorde te ontlok op grond van toepassing van werk wat in die klaskamer bestudeer is.</p>	20%	1 – 2	<p>Dit kan byvoorbeeld wees:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ontleding van finansiële state van 'n genoteerde maatskappy en die uiteensetting daarvan. • 'n Studie en beantwoording van vrae oor films, dokumentêre insetsels wat verband hou met onderwerpe in die kurrikulum. <p>Sien Kriteria vir Asseseringsontwerp bladsy 1/6 wat ook hier van toepassing is.</p> <p>Die punttoekenning vir hierdie taak mag nie minder as 100 wees nie.</p>	<p style="text-align: center;">ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van instruksies aan leerders • Die voorblad <ul style="list-style-type: none"> – Onderwerp van projek – Keerdatum – Punttoekenning – Onderwerpe wat geassesseer word • Ontwerprooster • Asseseringshulpmiddel(s) <p style="text-align: center;">LEERDERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde werk • Voltooide asseseringshulpmiddel(s)
--	-----	-------	--	---

<p>Mondelinge aanbieding</p> <p>Dit is die proses om die inhoud van 'n onderwerp vir 'n gehoor aan te bied. Dit gaan oor die assessering van Rekeningkunde-kennis, vaardighede, houdings en waardes deur die medium van mondelinge aanbieding. Dit kan ook visuele hulpmiddels insluit om die aanbieding te versterk, maar dit moenie die hoofokus van die aanbieding wees nie.</p>	20%	2 – 3	<p>Wanneer die onderwerp gekies word, is dit noodsaaklik dat die leerders nie bloot feite moet aanbied nie, maar 'n bietjie moet dink deur toe te pas wat hulle in die klaskamer geleer het.</p> <p>Dit is 'n ideale geleentheid vir portuurassessering.</p> <p>Kriteria vir die assessering van leerders se werk:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skriftelike bewys van Mondeling/Debat word voorsien. <p>Debat/Groep Mondelinge Aanbieding As hierdie komponent as 'n debat of groepeeranbieding gedoen word, moet die rolverdeling en bydraes van groeplede aangedui word deur 'n organisasiekaart, notules van vergaderings, ens. in te sluit. Alle groeplede moet aan die mondelinge komponent deelneem.</p> <p>Sien Kriteria vir Assesseringsontwerp bladsy 1/6 wat ook hier van toepassing is. Die punttoekenning vir hierdie taak mag nie minder as 100 wees nie. Die punte wat vir hierdie taak toegeken word moet 90% vir inhoud en 10% vir aanbieding insluit.</p>	<p style="text-align: center;">ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van instruksies aan leerders • Die voorblad <ul style="list-style-type: none"> – Onderwerp van projek – Keerdatum – Punttoekenning – Onderwerpe wat geassesseer word • Ontwerprooster • Assesseringshulpmiddel(s) <p style="text-align: center;">LEERDERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde werk • Voltooide assesseringshulpmiddel(s)
<p>Rekenaaropdrag</p> <p>Hier kan die onderwyser een van die Rekeningkunde-pakkette wat op die mark beskikbaar is gebruik en vir die leerders inligting gee om te verwerk. Onderwysers word aangemoedig om aspekte in te sluit wat hul topleerders sal prikkel.</p>	20%	7 – 10	<p>Kriteria vir die assessering van leerders Dit hang af van die Rekeningkunde-pakket wat gebruik word en die assesseringsmateriaal wat verskaf word. Pastel verskaf byvoorbeeld toetse en summatiewe take.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bewyse moet versamel word van leerder se begrip en toepassing van die program wat gebruik word. • Bewyse van leerder se vermoë om met die program te werk moet versamel en bepaal word. <p>Sien Kriteria vir Assesseringsontwerp bladsy 1/6 wat ook hier van toepassing is. Die punttoekenning vir hierdie taak mag nie minder as 100 wees nie.</p>	<p style="text-align: center;">ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van instruksies aan leerders • Geen ontwerprooster nodig indien die taak en assessering deur 'n eksterne verskaffer voorsien word nie. <p style="text-align: center;">LEERDERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Versamel gedrukte bewys van assesseringstake • Summatiewe Assessering

<p>Geskrewe verslag Die versameling van inligting oor 'n bepaalde onderwerp wat dan gebruik sal word om die onderwerp toe te pas om 'n probleem op te los of waarde tot 'n gegewe situasie toe te voeg. Dit behels die versameling, verwerking en aanbieding van inligting om 'n vraag te beantwoord.</p>	20%	2 – 4	<p>Sien Kriteria vir Assesseringsontwerp bladsy 1/6 wat ook hier van toepassing is. Die punttoekenning vir hierdie taak mag nie minder as 100 wees nie.</p>	<p style="text-align: center;">ONDERWYSERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kopie van instruksies aan leerders • Die voorblad <ul style="list-style-type: none"> - Onderwerp van projek - Keerdatum - Punttoekenning - Onderwerpe wat geassesseer word • Ontwerprooster • Assesseringshulpmiddel(s) <p style="text-align: center;">LEERDERS</p> <ul style="list-style-type: none"> • Leerder se geassesseerde werk • Voltooide assesseringshulpmiddel(s)
Totaal (al 6 items)	100%			

Assesseringsillabus vir Rekeningkunde

GRAAD 10

Onderwerp	Omvang
Informele of inheemse boekhoudingstelsels	<p>Leerders moet die volgende kan doen:</p> <p>Vergelyk die boekhoudingstelsels van die informele en formele sektor:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Konsepte • Bestuur van hulpbronne (kapitaal, vaste bates, voorraad, ens.) • Vergelyk hoe informele en formele ondernemings verkoopspryse, koste van verkope, arbeidskoste, inkomste en uitgawes bepaal.
Etiek	<p>Verduidelik die etiese kode van toepassing op alle partye in die finansiële omgewing.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Etiese kode • Basiese beginsels van etiek
Rekeningkundige beginsels	<p>Definieer en verduidelik konsepte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toevallingsbasis • Billike voorstelling • Lopende saak • Vergelykbaarheid/konsekwentheid • Wesenlikheid • Geen neutralisering nie (van bates en laste of inkomste en uitgawes) <p>Bykomende konsepte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omsigtigheid • Besigheidsentiteitreël • Historiese koste
Interne beheer	<p>Definieer en verduidelik wat met interne beheer bedoel word.</p> <p>Identifiseer en verduidelik basiese interne beheerprosesse.</p> <p>Interne beheer moet met ander onderwerpe geïntegreer word.</p>

Rekeningkunde-konsepte van 'n alleenhandelaar	<ul style="list-style-type: none"> • Alleenhandelaar • Debiet en Krediet • Ekwiteit, Kapitaal, Bates, Laste, Inkomste, Uitgawes • Rekeningkundige siklus: Brondokument, Joernaal, Grootboek, Proefbalans, Finansiële State • Deurlopende voorraadstelsel • Afslag • Finale rekeninge: Wins en Verlies • Belasting op toegevoegde waarde • Finansiële Rekeningkunde en Bestuursrekeningkunde
Boekhouding en verslagdoening van 'n alleenhandelaar	<p>Rekeningkundige siklus op grond van deurlopende voorraadstelsel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hersiening van Graad 9-inhoud • Brondokumente • Joernale (Kontantontvangstejoernaal, Kontantbetalingsjoernaal, Kleinkasjoernaal, Debiteurejoernaal, Krediteurejoernaal, Debiteureafslagjoernaal, Krediteureafslagjoernaal, Algemene Joernaal) • Grootboekrekeninge (Algemeen, Debiteure, Krediteure) • Proefbalans • Finansiële state
Rekeningkundige vergelyking	<p>Ontleed en toon die effek van transaksies op die rekeningkundige vergelyking van 'n alleenhandelaar. Alle transaksies wat 'n alleenhandelaar beïnvloed tot en met finansiële state.</p>

<p>Salaris- en loonjoernale</p>	<p>Verduidelik, bereken en teken salaris- en/of loonskale op.</p> <p>Teken betalings in die joernale op en boek oor na die grootboek. (Dit kan met die hand of op 'n elektroniese spreitabel gedoen word.)</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gewone tyd • Oortyd • Aftrekkings <ul style="list-style-type: none"> – LBS – Pensioenfonds – Werkloosheidversekeringsfonds – Mediese hulpfonds – Vakbondlidmaatskap • Werkgewerbydraes <ul style="list-style-type: none"> – Pensioenfonds – Werkloosheidversekeringsfonds – Mediese hulpfonds – Vaardigheidontwikkelingsheffing <p>Rekeningkundige vergelyking</p> <p>Etiese gedrag met betrekking tot Salarisse en Lone, byvoorbeeld kontrakte, betaling in ooreenstemming met verantwoordelikhede, rol van vakbonde</p>
<p>Belasting op toegevoegde waarde (BTW)</p>	<p>Verduidelik die basiese konsepte van BTW:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Behoefte aan BTW • Doel van BTW • Beginsels van BTW • Nulkoersitems • BTW-vrygestelde items • BTW-belasbare items • Huidige koers

<p>Opstel van finale rekeninge en state van 'n alleenhandelaar met inagneming van jaareindaansuiwerings</p>	<p>Toepassing van IFVS en AARP-beginsels</p> <p>Rekeningkundige vergelyking</p> <p>Jaareindaansuiwerings:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Handelsvoorraadtekort/-surplus • Verbruiksgoedere voorhande • Waardevermindering (op kosprys/reguitlynmetode, verminderdesaldo-metode) • Oninbare skuld • Regstelling van foute/weglatings • Opgelope inkomste (ontvangbaar) • Inkomste vooruit ontvang (uitgestel) • Uitgawes vooruitbetaal • Opgelope uitgawes (betaalbaar) <p>Finale rekeninge:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Handelsrekening • Wins-en-verlies-rekening <p>Finansiële state en aantekeninge:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Staat van inkomste (Inkomstestaat) • Staat van finansiële posisie (Balansstaat)
<p>Ontleding en vertolking van finansiële state van 'n alleenhandelaar</p>	<p>Ontleed en vertolk finansiële state en aantekeninge:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Bruto wins op verkope • Bruto wins op koste van verkope • Netto wins op verkope • Bedryfsuitgawes op verkope • Bedryfswins op verkope • Bedryfsverhouding • Vuurproefverhouding • Solvensieverhouding • Opbrengs op ekwiteit

Kosterekeningkunde	<p>Definieer en verduidelik basiese kostekonsepte:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Direkte arbeid • Indirekte arbeid • Direkte materiaal (grondstowwe) • Indirekte materiaal • Fabrieksbo-koste • Primêre koste • Veranderlike koste • Vaste koste • Onvoltooide werk • Totale produksiekoste • Gelykbreekhoeveelheid <p>Pas beginsels van interne beheer toe Etiese gedrag met betrekking tot 'n vervaardigingsonderneming</p>
Begroting	<p>Definieer en verduidelik basiese begrotingskonsepte:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kontantbegroting • Nulbasisbegroting • Kapitaalbegroting • Langtermynbegroting • Mediumtermynbegroting

GRAAD 11

Onderwerp	Omvang
Etiek	<p>Leerders moet die volgende kan doen:</p> <p>Identifiseer en ontleed etiese gedrag van toepassing op die finansiële omgewing met verwysing na aanspreeklikheid en deursigtigheid.</p> <p><i>Hierdie onderwerp moet met ander onderwerpe geïntegreer word deur toepaslike scenario's te gebruik.</i></p>
Interne beheer	<p>Demonstreer kennis van interne ouditprosesse.</p> <p>Definieer en verduidelik wat met 'n interne oudit bedoel word.</p> <p>Demonstreer begrip van die verskil tussen interne beheer en 'n interne oudit, die rol van die interne ouditeur, verdeling van pligte, dokumentasie en fisiese beheermaatreëls.</p> <p>Identifiseer interne beheerprosedures wanneer kontant ontvang word en daar op krediet gekoop en verkoop word.</p> <p><i>Hierdie onderwerp moet met ander onderwerpe geïntegreer word.</i></p>
Rekonsiliasies	<p>Rekonsilieer bankstate met kontantjoernale om bankrekonsiliasiestate op te stel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uitstaande deposito's • Tjeks nog nie vir betaling aangebied nie • Stop-/debietorders • Direkte oordragte • Bankkoste • Rente ontvang of gehef • Regstelling van foute of weglatings • Tjeks V/T of gekanselleer • Vooruitgedateerde tjeks ontvang en vooruitgedateerde EFO's <p>Rekonsilieer state ontvang van krediteure met rekeninge in krediteurgrootboek van 'n onderneming om krediteurerekonsiliasiestate op te stel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uitstaande fakture of kredietnotas • Uitstaande betalings • Afslag nie opgeteken nie • Regstelling van foute of weglatings. • Integrasie van kwessies met betrekking tot interne beheer • Integrasie van etiese kwessies met betrekking tot die bankomgewing

Tasbare/vaste bates	<p>Demonstreer begrip van die konsep van 'n tasbarebate-/vastebate-register</p> <p>Teken die verkryging van tasbare/vaste bates op. Bereken en teken waardevermindering op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Op kosprys (reguitlynmetode) • Verminderdesaldo-metode <p>Demonstreer begrip van hoe tasbare/vaste bates opgeteken word wanneer hulle volledig afgeskryf is.</p> <p>Teken die vervreemding van tasbare/vaste bates op:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aan die begin van 'n finansiële jaar • Gedurende 'n finansiële jaar • Aan die einde van 'n finansiële jaar <p>Integreer kwessies met betrekking tot interne beheer – beheermaatreëls oor vaste bates Integrasie van etiese kwessies met betrekking tot vaste bates – verantwoordelike gebruik van vaste bates</p>
Vennootskappe	<p>Definieer en verduidelik Rekenkundige-konsepte alleen eie aan vennootskappe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vennootskap • Kapitaalrekening • Privaat rekening • Verdeling van wins/verlies
Rekeningkundige beginsels	<p>Definieer en verduidelik konsepte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toevallingsbasis • Billike voorstelling • Lopende saak • Vergelykbaarheid/konsekwentheid • Wesenlikheid • Geen neutralisering nie (van bates en laste of inkomste en uitgawes) <p>Bykomende konsepte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Omsigtigheid • Besigheidsentiteitreël • Historiese koste

Boekhouding vir 'n vennootskap	Rekeningkundige siklus van vennootskappe: <ul style="list-style-type: none"> • Hulpjoernale • Boek oor na die grootboek • Proefbalans
Opstel van finale rekeninge en state van 'n vennootskap met inagneming van jaareindaansuiwerings	Rekeningkundige vergelyking Jaareindaansuiwerings: <ul style="list-style-type: none"> • Handelsvoorraadtekort/-surplus • Verbruiksgoedere voorhande • Waardevermindering (op kosprys/reguitlynmetode, verminderdesaldo-metode) • Oninbare skuld • Regstelling van foute/weglatings • Kapitalisering van rente • Opgelope inkomste (ontvangbaar) • Inkomste vooruit ontvang (uitgestel) • Uitgawes vooruitbetaal • Opgelope uitgawes (betaalbaar) • Salarisse aan vennote • Bonus aan vennote • Rente op kapitaal • Verdeling van wins/verlies Finale rekeninge: <ul style="list-style-type: none"> • Handelsrekening • Wins-en-verlies-rekening • Verdelingsrekening Finansiële state en aantekeninge: <ul style="list-style-type: none"> • Staat van inkomste (Inkomstestaat) • Staat van finansiële posisie (Balansstaat)

Ontleding en vertolking van finansiële state van 'n vennootskap	<p>Ontleed en vertolk finansiële state en aantekeninge</p> <p>Hersien die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bruto wins op verkope• Bruto wins op koste van verkope• Netto wins op verkope• Bedryfsuitgawes op verkope• Bedryfswins op verkope• Solvensieverhouding• Bedryfsverhouding• Vuurproefverhouding <p>Bereken en ontleed die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none">• Voorraadomssetsnelheid• Voorraadhouydperk• Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk• Gemiddelde krediteurebetalingstydperk• Skuld-ekwiteit-verhouding (hefboomfinansiering)• Vennote se verdienste• Opbrengs op vennote se ekwiteit
--	---

<p>Finansiële rekeningkunde van organisasies sonder winsoogmerk (klubs)</p>	<p>Definieer en verduidelik Rekeningkundige-konsepte alleen eie aan organisasies sonder winsoogmerk (klubs):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Organisasies sonder winsoogmerk • Oprigting • Opgehoopte fondse • Ledegeld • Intreegeld • Affiliasiegeld • Surplus • Tekort <p>Rekeningkundige siklus vir organisasies sonder winsoogmerk (klubs):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Joernale • Boek oor na die grootboek • Stel 'n Proefbalans op • Staat van ontvangste en betalings • Vergelyking tussen Staat van inkomste en Staat van finansiële posisie van vennootskappe en klubs
--	---

<p>Kosterekeningkunde</p>	<p>Bereken die volgende koste in 'n vervaardigingsomgewing:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Veranderlike en vaste koste • Die koste van 'n produk deur veranderlike en vaste koste te gebruik • Eenheidskoste • Bydrae per eenheid • Gelykbreekpunt • Die kosprys van 'n produk <p>Stel grootboekrekeninge van 'n vervaardigingsonderneming op (deurlopende voorraadstelsel).</p> <p>Balansstaatafdeling:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Grondstofvoorraad • Voorraad onvoltooide werk • Voorraad voltooide goedere • Verbruiksgoederevoorraad (indirekte materiaal) <p>Nominalerekening-afdeling:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verkope • Koste van verkope • Fabriekslone • Fabriekselektrisiteit • Fabriekshuur • Waardevermindering op fabriekstoerusting, ens. <p>Kosterekening-afdeling:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Direkte materiaalkoste (grondstofkoste) • Direkte arbeidskoste • Fabrieksbokoste • Administrasiekoste • Verkoops- en verspreidingskoste • Integreer etiese kwessies met betrekking tot 'n vervaardigingsomgewing. • Integreer kwessies met betrekking tot interne oudit en interne beheer binne 'n vervaardigingsomgewing.
----------------------------------	---

Begroting	<p>Opstel en aanbied van 'n kontantbegroting vir alleenhandelaars:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Geprojekteerde inkomste en uitgawes • Geprojekteerde debiteure-invordering • Geprojekteerde krediteurebetalings • Kontantbegroting <p>Opstel en aanbied van 'n Geprojekteerde Inkomstestaat Integreer etiese kwessies Integreer kwessies met betrekking tot interne oudit en interne beheer</p>
Vorraadstelsels	<p>Definieer en verduidelik die volgende voorraadstelsels:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Deurlopende voorraadstelsel • Periodieke voorraadstelsel <p>Verduidelik die voordele en nadele van die periodieke en deurlopende voorraadstelsel.</p> <p>Teken transaksies op deur die periodieke voorraadstelsel in die joernale en grootboeke te gebruik en vergelyk dit met die deurlopende voorraadstelsel.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Aankoperekening in teenstelling met Handelsvoorraad rekening • Beginvoorraad- en Eindvoorraad rekening • Handelsrekening
BTW	<p>Doen BTW-berekeninge:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gebruik huidige koers • Tel BTW by kosprys plus winsgrensbedrag • Bereken BTW uit BTW-inklusiewe bedrag • Faktuur- of Ontvangsbasis <p>Demonstreer begrip van die konsep van BTW met betrekking tot oninbare skuld.</p> <p>Integreer etiek met betrekking tot BTW – BTW-bedrog ens.</p> <p>Integreer interne oudit- en interne beheerprosesse oor invordering van BTW van klante en betaling van BTW aan SAID.</p>

GRAAD 12

Onderwerp	Omvang
Finansiële rekeningkunde van maatskappye – konsepte en unieke grootboekrekeninge	<p>Leerders moet die volgende kan doen:</p> <p>Definieer en verduidelik Rekenkundige-konsepte alleen eie aan maatskappye:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Maatskappye – openbaar en privaat • Maatskappywet • Registrateur van Maatskappye – Registrasiesertifikaat • Akte van Oprigting • Regspersoon • Beperkte aanspreeklikheid • Inkomstebelasting /voorlopige inkomstebelasting • Dividende/aandele (tussentyds en finaal) • Uitgifteprys • Aandelepremie (let daarop dat pariwaarde en aandelepremie ingevolge die nuwe Maatskappywet nie meer bestaan nie, maar sal slegs in 2014 geëksamineer word) • Verdienste • Aandelhouders • Direkteure/Direkteursfooie • Ouditeure/Ouditfooie • Skeiding van eienaarskap van beheer • Opgehoopte wins/Behoue inkomste/Behoue verdienste • Gemagtigde aandelekapitaal • Uitgereikte aandelekapitaal/Verklaarde kapitaal • Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE)

Rekeningkundige beginsels	Definieer en verduidelik konsepte van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS): <ul style="list-style-type: none"> • Toevallingsbasis • Billike voorstelling • Lopende saak • Vergelykbaarheid/konsekwentheid • Wesenlikheid • Geen neutralisering nie (van bates en laste of inkomste en uitgawes) Bykomende konsepte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP): <ul style="list-style-type: none"> • Omsigtigheid • Besigheidsentiteitreël • Historiese koste
Boekhouding van maatskappye	Stel hulpjoernale vir rekeningkundige inskrywings spesifiek vir maatskappye op. Stel maatskappygrootboekrekeninge op en vertolk hulle vir die volgende transaksies: <ul style="list-style-type: none"> • Uitreiking van aandele teen uitgifteprys (pariwaarde en aandeleprenie bestaan nie meer ingevolge die Maatskappywet nie) • Terugkoop van aandele (aandele moet gewaardeer word teen geweegde gemiddelde prys en saldo van hierdie waarde moet afgetrek word van teruggehoue verdienste) • Lenings en rente (rente op verbandlening word gekapitaliseer) • Inkomstebelasting • Dividende • Direkteursfooie • Ouditfooie
Finansiële rekeningkunde van maatskappye – opstel van finale rekeninge en finansiële state	Stel finale rekeninge en gedetailleerde finansiële state van 'n maatskappy op met inagneming van jaareindaansuiwerings. <i>Jaareindaansuiwerings:</i> <ul style="list-style-type: none"> • Handelsvoorraadtekort/-surplus • Verbruiksgoedere voorhande • Waardevermindering (op kosprys/reguitlynmetode, verminderdesaldo-metode) • Oninbare skuld • Regstelling van foute/weglatings • Opgelope inkomste (ontvangbaar) • Inkomste vooruit ontvang (uitgestel)

- Uitgawes vooruitbetaal
- Opgelope uitgawes (betaalbaar)
- Aansuiwerings met betrekking tot inkomstebelasting
- Aansuiwerings met betrekking tot die betaling en verklaring van dividende

Finale rekeninge:

- Handelsrekening
- Wins-en-verlies-rekening
- Verdelingsrekening

Terugs krywing van sekere aansuiwerings, d.w.s. toevallings, inkomste vooruit ontvang en vooruitbetalings

Finansiële state en aantekeninge:

- Staat van Inkomste (Inkomstestaat)
- Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat)
- Staat van Kontantvloei

Ontleed en dui die effek van transaksies op die rekeningkundige vergelyking van 'n maatskappy aan; alle transaksies wat 'n maatskappy beïnvloed tot en met finansiële state.

Integreer en doen verslag oor die beheer van vaste bates.

Integreer etiese oorwegings met betrekking tot maatskappye – rol van aandeelhouers en direkteure, manipulasie van aandelepryse, korporatiewe regering, ens.

Integreer interne audit- en beheerprosesse met betrekking tot maatskappye.

Pas AARP-beginsels en IFVS toe.

